**Meervoude**

Hier is 'n paar algemene reëls. Daar is uitsonderings.

**Die spelreël sê:**

- ✓ Die afkappingsteken word gebruik by meervoudsvorme op –s van naamwoorde en eiename wat op die vokaalletters i, o en u en op 'n lang beklemtoonde a [a:] eindig.
- ✓ Woorde wat op 'n i, o, u en 'n beklemtoonde a eindig.

| | | |
|---|---|---|
| **Banjo** | - | **banjo's** |
| **Mugu** | - | **mugu's** |
| **Mini** | - | **mini's** |
| **Kiwi** | - | **kiwi's** |
| **Pa** | - | **pa's** |
| **Ma** | - | **ma's** |

- ✓ Hier sal jy ook sien as jy die afkappingsteken wegneem het die woord 'n ander betekenis – pas, mas.
- ✓ Die a waarop pappa en oupa eindig is nie beklemtoon nie.

| | | |
|---|---|---|
| **Pappa** | **-** | **pappas** |
| **Mamma** | **-** | **mammas** |
| **Oupa** | **-** | **oupas** |
| **Ouma** | **-** | **oumas** |

- ✓ Letters van die alfabet.

| | | |
|---|---|---|
| **A** | **-** | **a's** |
| **L** | **-** | **l'le** |

© All Rights Reserved

**Nog reëls vir meervoude:**

- ✓ **Lang klank:** Die enkelvoud het 'n lang klank. Dit klink asof die woorde "sleep". Wanneer die meervoudvorm uitgespreek word, het dit ook 'n lang klank. Hier sê die reël dat een klinker (o, a, u, e) weg val.
- ✓ **Kort klank:** Kry twee konsonante. Hierdie klanke "plof" op die oor.

| | | |
|---|---|---|
| **Boot** | **-** | **bote** |
| **Snaar** | **-** | **snare** |
| **Doos** | **-** | **dose** |
| **Poot** | **-** | **pote** |
| **Vuur** | **-** | **vure** |
| **Brood** | **-** | **brode** |
| **Boot** | **-** | **bote** |
| **Greep** | **-** | **grepe** |

**Kyk eers wat sê die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS) van die spelreël :**

- ✓ ’n Konsonantletter word verdubbel indien dit tussen twee vokaalletters optree en die eerste vokaal (met uitsondering van i, u, en y, kort is en die hoofklem dra.
- ✓ Met ander woorde, konsonantletters of medeklinkers, word soms verdubbel, wanneer hulle tussen twee vokaalletters of klinkers staan, om ‘n bepaalde klank te bewerkstellig.
- ✓ Hierdie klank is gewoonlik ‘n “plofgeluid”. Kom ons kyk na “bome”. Die o in bome het ‘n lang klank. Nou wil ons van “bomme” praat waar die o ‘n kort plofgeluidjie moet maak. Om die plofgeluidjie te bewerkstellig moet ons nou twee konsonantletters of medeklinkerletters gebruik: bomme.

© All Rights Reserved

**Lees nou weer die reël!**

- ✓ **Kort klank:** Kry twee konsonante.

| | | |
|---|---|---|
| **Lob** | **-** | **lobbe** |
| **Bom** | **-** | **bomme** |
| **Mot** | **-** | **motte** |
| **Mes** | **-** | **messe** |
| **Lat** | **-** | **latte** |
| **Pot** | **-** | **potte** |
| **Wet** | **-** | **wette** |
| **Rob** | **-** | **robbe** |
| **Dak** | **-** | **dakke** |

**F** verander na **w:**

| | | |
|---|---|---|
| **Dief** | **-** | **diewe** |
| **Graaf** | **-** | **grawe** |
| **Brief** | **-** | **briewe** |
| **Golf** | **-** | **golwe** |
| **Stof** | **-** | **stowwe** |
| **Wolf** | **-** | **wolwe** |

© All Rights Reserved

✓ Die meervoud met behulp van 'n deelteken:

**Die reël:**

✓ Woorde wat in die enkelvoud op ee, i (wat nie deel van 'n diftong is nie), ie of oe uitgaan en meermvoudsvorme met –e kry, word in die meervoudsvorm met onderskeidelik eë, ië, ieë en oeë gespel.

**ë** word hier gebruik:

| | | |
|---|---|---|
| **Knie** | **-** | **knieë** |
| **Genie** | **-** | **genieë** |
| **Kopie** | **-** | **kopieë** |
| **Drie** | **-** | **drieë** |
| **Profesie** | **-** | **profesieë** |
| **Alkali** | **-** | **alkalië** |
| **Fee** | **-** | **feë** |
| **Trofee** | **-** | **trofeë** |
| **Proe** | **-** | **proeë** |

**Die reël:**

✓ By naamwoorde wat op g eindig, voorafgegaan deur e, ie, o, oe en oo, val die g in die meervoudsvorm weg en word 'n ë bygevoeg.

**G** val weg – **ë**

| | | |
|---|---|---|
| **Weg** | **-** | **weë** |
| **Vlieg** | **-** | **vlieë** |
| **Oorlog** | **-** | **oorloë** |
| **Knieg** | **-** | **knieë** |
| **Kroeg** | **-** | **kroeë** |

© All Rights Reserved

| | | |
|---|---|---|
| **Voeg** | **-** | **voeë** |
| **Dialoog** | **-** | **dialoë** |
| **Boog** | **-** | **boë** |
| **Oog** | **-** | **oë** |

- ✓ Ding word goed
- ✓ Speelding - speelgoed
- ✓ Eetding – eetgoed

^ Die **kappie:**

| | | |
|---|---|---|
| **Sog** | **-** | **sôe** |
| **Rug** | **-** | **rûe** |
| **Brug** | **-** | **brûe** |

**P** verander in –**de:**

**Hemp – hemde**

Ook -**ere** en –**ers:**

| | | |
|---|---|---|
| **Gemoed** | **-** | **gemoedere** |
| **Goed** | **-** | **goedere** |
| **Lam** | **-** | **lammers** |
| **Kalf** | **-** | **kalwers** |

© All Rights Reserved

Ook -**ae:**

| | | |
|---|---|---|
| **Laag** | **-** | **lae** |
| **Dag** | **-** | **dae** |
| **Vlag** | **-** | **vlae** |
| **Maag** | **-** | **mae** |

Ook -**te:**

| | | |
|---|---|---|
| **Gesig** | **-** | **gesigte** |
| **Wag** | **-** | **wagte** |
| **Kas** | **-** | **kaste** |
| **Lys** | **-** | **lyste** |
| **Teks** | **-** | **tekste** |
| **Kwas** | **-** | **kwaste** |

**Y**

**Die reël:**

- ✓ Naamwoorde wat op y eindig, kry meervoudsvorm met –s.

| | | |
|---|---|---|
| **essay** | **-** | **essays** |
| **bisley** | **-** | **bisleys** |
| **cowboy** | **-** | **cowboys** |
| **hierjy** | **-** | **hierjys** |

© All Rights Reserved 

- ✓ Onthou egter dat leen woorde soos "whiskey, dandy en lady" ooreenkomstig die Engelse gebruik na "ie" sal verander.

**Afkappingsteken (Apostroof):**

- ✓ In die verlede het ons foto's geskryf. Nou kan ons fotos skryf want dit verander nie die betekenis van die woord nie.
- ✓ Nog 'n voorbeeld is kafees.
- ✓ Hierdie reëls is volgens die nuwe Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. (AWS)
- ✓ 'n Maklike reël om toe te pas by die afkappingsteken, is om na die woord te kyk mét die afkappingsteken en ook daarsonder.

Pa's word pas daarsonder.

Ma's word mas.

Ja's word jas.

**Antonieme**

**'n ANTONIEM is 'n woord met die teenoorgestelde betekenis as 'n ander.**

| | |
|---|---|
| Sleg- lekker | Vinnig - Stadig |
| Op- Af/neer | Vyand - Vriend |
| Hard- Sag | Wen - Verloor |
| Mooi- Lelik | Netjies - Slordig |
| Negatief- Positief | Uitgang - Ingang |
| Dik- Dun | Moontlik - Onmoontlik |
| Uit- In | Leeg - Vol |
| Skoon- Vuil | Betroubaar- Onbetroubaar |
| Verloor - Wen | Soet - Stout |
| Gelukkig - Ongelukkig | Stomp - Skerp |
| Jonk - Oud | Gewild- Ongewild |

© All Rights Reserved

Siek - Gesond

Katterig - Vriendelik/gaaf

Hoog - Laag

Groot - Klein

Vroeg - Laat

Naby - Ver

Vlak - Diep

Vet - Maer

Duidelik -Onduidelik

Fluks - Lui

Goed - Sleg

Veilig - Gevaarlik

**Sinonieme**

**’N SINONIEM is ’n woord wat dieselfde—of byna-byna dieselfde—betekenis as ’n ander woord het.**

Gedaan - Moeg

Reuse-Massiewe

Oggend - Soggens/more

Gratis -  Verniet

Maer - Skraal

Dom - Dwaas

Hartseer - Treurig

Onvriedelik - Ongeskik

Vinnig - Blitsig/gou

Mooi - Pragtig

Dadelik - Onmiddellik

Warm - Hittig

Mooi - Pragtig/fraai

Bly - Woon

Baklei - Rusie

Jok - Lieg

Pappa - Vader

Mamma - Moeder

Meisie - Dogter

Stap - Loop

Lekker - Genot/plesier

Reg - Korrek

Verkeerd - Foutief

Geskenk - Persent

Slim - Intelligent

Loop - Stap

© All Rights Reserved

**Manlike en Vroulikevorme**

| Dier | Manlik | Vroulik | Baba |
|---|---|---|---|
| Bees | Bul | Koei | Kalfie |
| Perd | Hings | Merrie | Vulletjie |
| Hoender | Haan | Hen | Kuiken |
| Skaap | Ram | Ooi | Lammetjie |
| Walvis | Bul | Koei | Kalfie |
| Vark | Beer | Sog | Varkie |

**Eiename**

| Land | Volk | Beskrywing |
|---|---|---|
| Japan | Japanees | Japanees |
| Skotland | Skot | Skotse |
| Ierland | Ier | Ierse |
| Frankryk | Fransman | Franse |
| Brittanje | Brit | Britse |
| Amerika | Amerikaner | Amerikaans |
| Pole | Pool | Pools |
| Turkye | Turk | Turks |
| Indië | Indiër | Indies |
| Italië | Italianer | Italiaans |
| Griekeland | Griek | Grieks |
| Holland | Hollander | Hollands |
| Egipte | Egiptenaar | Egipties |
| Rusland | Rus | Russies |

© All Rights Reserved

| | | |
|---|---|---|
| Spanje | Spanjaard | Spaans |
| Swede | Sweed | Sweeds |
| Iran | Iranees | Iranees |
| Duitsland | Duitser | Duits |

**Lydende en Bedrywende vorm**

Lydendevorm: wanneer jy 'n sin met die voorwerp begin

**Reëls:**

- ✓ Teenwoordige tyd: Die werkwoord word vervang met **"word deur"** en die werkwoord word na die agterkant van die sin geskuif as "ge" + werkwoord. Die onderwerp en die voorwerp ruil plekke.

bv.

• **Die meisie slaan die bal.**

**word**

**Die bal word deur die meisie geslaan.**

- ✓ Verlede tyd: Die werkwoord "het" word vervang met **"is deur".** Die werkwoord bly dieselfde. Die Onderwerp en voorwerp ruil plekke.

bv.

• **Die meisie het die bal geslaan.**

**Die bal is deur die meisie geslaan.**

- ✓ Toekomende tyd: Die werkwoord "sal" word vervang met **"sal deur"**. Onderwerpenvoorwerpruilplekke.

•. **Die meisie sal die balslaan.**

**word**

**Die bal sal deur die meisie geslaan word.**

© All Rights Reserved 

**Direkte en Indirekte Rede**

**Reëls:**

<u>Stelsin</u>

Direkte- Brandon sê vir Justin: " Ek eet my kos vinnig."

Indirekte- Brandon sê vir Justin **dat** hy sy kos vinnig **eet**.

- ✓ Stelsin gebruik ons die voegwoord **dat** hy is in die derde groep van voegwoorde so die werkwoord gaan na die einde soos die bogenoemde voorbeeld wys.

<u>Vraagsin</u>

Direkte- Brandon vra: "Is my kos op die tafel?"

Indirekte- Brandon vra **of** sy kos op die tafel **is**.

Direkte- Brandon vra: " Waarom is my koskoud?"

Indirekte- Brandon vra waarom sy kos koud **is**.

- ✓ Vraagsin gebruik ons die voegwoord **of** hy is in die derde groep van woegwoorde so die werkwoord gaan na die einde toe.

<u>Bevelsin</u>

Direkte- Brandon sê vir sy kind: "Gee my kos voor dit koud is."

Indirekte- Brandon sê vir sy kind om sy kos vir hom te gee voor dit koud is

<u>VerledeTyd</u>

**Reëls:**

- ✓ Die tyd woord en die werkwoord wat tyd aandui verander.

Direkte- Brandon het vir Justin gesê: "Ek drink my water."

Indirekte- Brandon het vir Justin gesê dat hy sy water drink.

Direkte- Brandon het vir Justin gesê:" Ek drink vandag my water."

Indirekte- Brandon het vir Justin gesê **dat hy daardie** dag sy water gedrink het.

© All Rights Reserved

**Tydwoorde wat verander in die indirekte rede**

| | | | |
|---|---|---|---|
| hier | daar | oormôre | oor twee dae |
| vandag | daardie dag | môre middag | die volgende middag |
| hierdie | daardie | eergister | twee dae gelede |
| gister | die vorige dag | gistermiddag | die vorige middag |
| gisteraand | die vorige aand | vanjaar | daardie jaar |
| môre | die volgende dag | nou/dan | toe |
| môre aand | die volgende aand | hiernatoe | Daarnatoe |

© All Rights Reserved 